



## **AGTERGROND / SCENARIO / RIGLYNE / WENKE : GEMEENSKAPSVEILIGHEID TOT OP GRONDVLAK**

**VERKIESING 2024**

**MEI 2024**

### **AGTERGROND / SCENARIO**

Verskeie scenarios is oorweeg tov die opkomende verkiesing. Die kommer bestaan dat daar situasies mag ontstaan voor, tydens en na die verkiesing wat kan lei tot onrus, onlus en anargie. Provinssies geïdentifiseer waar daar moontlik probleme mag ontstaan in prioriteitsvolgorde is die volgende; KZN, Mpumalanga en Gauteng. Ander provinsies word egter nie uitgesluit nie. Swart op swart geweld is die mees waarskynlikste; tussen faksies, ondersteuners van verskillende politieke partye. Moord op prominente politieke persone is reeds aan die orde van die dag, veral in KZN. Indien daar probleme sou ontstaan, word dit verwag in hoofsentra. Kleiner dorpe kan egter nie uitgesluit word nie. Indien daar onlus sou ontstaan, veral op kleiner plekke, bestaan daar 'n moontlikheid dat dit mag / kan oorspoel na kleinhoewes en plase naby aan dorpe.

Daar moet aanvaar word dat boere, wat die veiligheidsituasie betref, nie spesiale "behandeling" gaan kry nie. Die klem van SAPD gebeurlikheidsplanne is hoofsentra en dorpe in probleemgebiede.

Daar moet aanvaar word dat boere vir hulle eie veiligheid verantwoordelik sal moet wees. Gemeenskap gebeurlikheidsplanne sal in plek gestel moet word op grondvlak. TLU SA se nasionale veiligheidskomitee kan riglyne verskaf, maar detail planne sal op grondvlak in plek gestel moet word. Elke streek het sy eie unieke situasie en planne sal daarvolgens geformuleer moet word.

### **INLEIDEND**

Die SAPD Nasionale Landelike Veiligheidstrategie (NLVS) is alreeds sedert 2011 op die tafel, maar is nog nooit na behore geimplimenteer tot op grondvlak nie. Die SAPD is vir die implementering, bestuur,

koordinering en monitoring hiervan verantwoordelik. Dit het op weinig plekke gebeur en laat groot leemtes ten opsigte van plaasbeveiliging, plaasaanvalle en- moorde. Die NLVS is wel in die provinsies bekendgestel, sonder dat implementering effektief en soos per opdrag geskied!

Met laasgenoemde in gedagte, spreek talle boere hulle kommer uit en die onvermoë van die SAPD om effektief voorkomend op te tree of om sake te hanteer en op te los nie!

Hierdie situasie en toedrag van sake beklemtoon opnuut hoe noodsaaklik dit is dat boere gemeenskappe paraat moet wees en planne in plek moet hê om na hulle eie veiligheid om te sien. Boere sal hulle strategie moet verander/aanpas en verskerp om buurtwagte, plaaswagte, sekuriteitsmaatskappye uit te brei en op te lei om plaasveiligheid te bevorder. Alhoemeer boere besef dat hulle self hulle eie veiligheid moet begin prioritiseer en dit opsigself is alreeds 'n lewensbelangrike stap. Dit is duidelik dat daar soos wat die situasie hom tans uitspeel, nie veel op die SAPD se vermoë staatgemaak kan word nie. Kundigheid, ervaring, logistiek, die wil, speel 'n rol!

Boere en plaaslike rolspelers het geen ander keuse as om by plaaslike veiligheidstrukture en hulle Gesamentlike Operasionele Sentrums betrokke te raak en daarby in te skakel nie. Die huidige situasie dikteer dat beskerming en beveiliging nou in die hand van die boer rus en dat samewerking met ander veiligheidsrolspelers / -strukture in 'n gemeenskaplike veiligheidsplan 'n kardinale noodsaaklikheid geword het, veral gesien in die lig van die opkomende verkiesing.

Die onderstaande punte vorm die rugsteun van TLU SA se benadering tot landbouveiligheid as sulks:

- a. Plaasveiligheid *per se* is 'n "eie saak" en dus ook 'n eie verantwoordelikheid. Dit kan uitgekontrakteer word, maar dit kan nie weg deleger word nie, nie eens aan die SAPD nie.
- b. Veiligheid is gevvolglik 'n integrale deel van die bestuur, geleenthede en bedreigings van boerdery.
- c. Die eerste lyn van veiligheid word deur boere, hulle gesinne en ander bewoners gevorm en die tweede deur bewoners van naasliggende plase. Gesamentlik vorm heirdie twee groepe die grondkrag van 'n veiligheidstruktuur soos die Plaaswagstelsel, 'n stelsel wat ten sterkste onderskryf word.
- d. Landbouveiligheid is op grondvlak gestroop van ras, taal, geslag, politiek, unie en organisasie kampe. Dit rus egter swaar op meedoening.
- e. Plaasveiligheid word deur korporatiewe boerdery versterk en word verdig deur fisiese, elektroniese en kommunikasie maatreëls.
- f. Die SAPD word erken en ondersteun as die oorhoofse en wetlike beskermer van plaasveiligheid. As sodanig verkeer Landbou en die SAPD in 'n bondgenootskap om voedsel- en veselsekuriteit te verseker. Die SAPD lewer egter nie 'n voldoende diens nie en talle leemtes bestaan.
- g. Aangesien die SAPD hulp primêr reaktief is, moet landbouers veral op informasie, pro-aktiewe optredes en voorkomende maatreëls ingestel wees.

- h. Bewusheid is die senustsel van plaasveiligheid en samewerking is die ruggraat.

DIT IS WEL NODIG OM DIE VOLGENDE TE BEKLEMTOON :

#### **KWESBAARHEDE**

- a. Die isolasie van plase, veral waar dit deur swak openbare infrastruktuur vererger word.
- b. Onbewustheid van veiligheid en onbetrokkenheid by enige aktiwiteit of struktuur wat plaasveiligheid bevorder.
- c. Boerdery kan nie weg van oë bedryf word nie – dit is soos 'n groot uitstalvenster gevul met aanlokende ware en waarvan die waarde die risiko van straf oortref.
- d. Gebrek aan inligting vanaf nasionale, provinsiale en distriksvlake en onvoldoende informasiestelsels op gemeenskapvlak.
- e. Plaasmisdaad lê verswelg in RSA se misdaadprent en die staat, wie die wetlike verantwoordelikheid het, is nie by magte om dit uit te lig en uit te roei nie.

#### **BEDREIGINGS**

- a. Niemand ken sy plaasveiligheid se sterk- en swakpunte beter as die boer self nie. Met hierdie kennis en insig kan die aard en omvang van eie bedreigings ontleed word en daarvoor gereed gestaan word. Die grootste eksterne bedreiger en ontwrigter van landbouveiligheid is ernstige misdaad. Plaasmisdaad het die aangesig van "Misdaad SA" en is dikwels in effek veel groter. Plasbewoners en boerderye word bedreig deur:
  - i. Gewelds- of kontakmisdade soos moord, manslag, aanranding, verkragting, ontvoering, terreur en roof.
  - ii. Diefstal van vee, wild, oeste, gewasse, weiding, infrastruktuur, voertuie, implemente, elektroniese toerusting en wapens.
  - iii. Brandstigting.
  - iv. Beskadiging van infrastruktuur en toerusting.
  - v. Betreding en besetting.
  - vi. Intimidasie.
  - vii. Onwettige protesaksies en stakings.

- b. Die realiteit is dat bestaande bedreigings verdwerg word deur ander nasionale prioriteite en dat die vermoë om dit van "bo-na-onder" te beveg nie realiseer nie. Landbouers is gevvolglik grootliks op hulself aangewese en moet uit eie omgewing hul met bondgenote versterk.
- c. Elke misdaad begin met 'n "hoekom" en die oorsake en / of motiewe daarvan kan gevind word in :
  - i. Vergelding.
  - ii. Aanhitsing en verdagmakery.
  - iii. Opportunisme.
  - iv. Selfverryking.
  - v. Bende aanslae, raakvlakkend tot georganiseerde misdaad.
  - vi. Misdaadkultuur.
  - vii. Sagheid van teikens en die onparaatheid van plaasbewoners.
  - viii. Gebreklike afskrikking.
- d. Die misdadiger het die inisiatief en kies dus sy aanval se tyd en plek. Hierdie bedreiging moet deur tydige waarskuwing, hulpmiddels en onmiddelike handelingsdril van hom ontnem word.
- e. Die grootste interne bedreiging vir plaasveiligheid is landbouers wat eenkant staan en nie deel het aan enige organisasie (Georganiseerde Landbou Organisasies) om dit te beveg nie, en ook bv Gesamentlike Operasionele Sentrums op grondvlak waarby verskeie rolspelers betrokke is.

## RISIKO'S ITV DIE VERKIESING

Opsetlike stigting van veldbrande naby hoofpaaie, toegangsroetes op strategiese plekke asook boere se plase wat naby dorpsareas geleë is.

Kritiese infrastruktuur wat beskadig of vernierig word soos bv ESKOM-substasies, kragdrade en koperkabels.

Diefstal van selfoontorings se batterye en gevvolglik geen selfoon seine of netwerke.

Beskadiging van water pompstasies wat water toevoer tot dorpsgebiede kan beïnvloed.

Waterkrippe en drinkplekke van diere wat beskadig kan word of vergiftiging van water vir diere.

Diefstal van koper kabels of elektriesee kabels wat besproeiing op plase kan lamlê.

Onwettige okkupasie van munisipale en landbougrond aangrensend aan dorpsareas wat kriminele aktiwiteite tot gevolg kan hê.

Afsettings van plase agt arbeids en of werksooreenkomste wat deur sekere politieke partye gekaap kan word en ontaard in massa protesaksie, waar werkers verhoed word om te werk.

Onbewoonde plaashuise en of werkershuise waarin kriminele of persone onwettig kan woon of skuil.

Seisoenale misdaad bv diefstal van mielies wat kan toeneem.

Moontlike toename in plaasaanvalle en -moorde.

Moontlike toename in veediebstal en slagtings op plase. Betreding, vergiftiging van honde, kwaadwillige saakbeskadiging.

Blokkering van hooftoegangsgroetes.

Moontlike sluipmoorde van politieke figure in sekere wyke en distrikte.

Moontlike ontwigting by stemlokale en protesaksies.

Moontlike aanvalle op besighede in dorpsgebiede.

Na bekendmaking van verkiesingsuitslae moontlike onrus / onlus ITV politieke partye in sekere gebiede se ongelukkigheid.

## **STRUKTURE EN PLAN VAN OPTREDE**

Die skepping van nuwe organisasies om landbouveiligheid op gemeenskapsvlak te bedryf, word onnodig geag. Veel eerder kan bestaande en werkende strukture behou en by ingeskakel word.

Verskeie vrywillige organisasies bestaan en verskaf aan boere die geleentheid om daarby in te skakel en 'n aktiewe rol in landbouveiligheid te speel; organisasies soos plaaswagte, buurtwagte, boerevereenigings en plaaslike sekuriteitsmaatskappye.

Beslag word aan gemeenskapsbeveiliging gegee sodra die gemeenskapsbeveiligingsplan op grondvlak geformuleer word, want sodoende word die grondslag gelê vir geordende uitvoerende optredes. Die gemeenskapsbeveiligingsplan kan bestempel word as die konsensusmening oor hoe 'n bepaalde gemeenskap hulself wil beveilig. Die belangrikheid van 'n geskrewe en algemeen aanvaarde gemeenskapsbeveiligingsplan is daarin geleë dat dit as grondslag dien vir die daarstelling van 'n gemeenskapsbeveiligingstruktuur, asook vir die paraatmaking van die gemeenskap.

'n Gemeenskapsbeveiligingsplan moet geformuleer en toegepas word vir die beveiliging van 'n gemeenskap.

## **BEDREIGINGSBEWUSTHEID**

Die bedreiging verwys na daardie faktore wat die veiligheid van die gemeenskap in gevaar kan stel. Dit is belangrik dat die eienskappe en kenmerke van die bedreiging geïdentifiseer en gestipuleer sal word.

- a. Bepaal die omvang van misdaad in die gemeenskap.

- b. Bepaal hoë risiko-gebiede.
- c. Bepaal hoe inwoners en hul eiendom bedreig word.
- d. Identifiseer alle veiligheidsprobleme.
- e. Bepaal watter optredes geneem moet word om die bedreiging hok te slaan.

## **GESAMENTLIKE EN GEïNTEGREERDE BEPLANNING**

Dit is noodsaaklik dat alle rolspelers inspraak in die formulering van die gemeenskapsbeveiligingsplan sal hê. Gesamentlike beplanning tussen alle rolspelers verseker gemeenskapsbetrokkenheid by die beplanningsproses. Die volgende aspekte behoort behandel te word:

- a. Bepaal doel en doelstellings.
- b. Stel 'n dagbestuur aan om dringende aspekte te hanteer.
- c. Stel 'n werkswyse of konstitusie saam.
- d. Formuleer 'n beveiligingstruktuur deur wyke en ringe te identifiseer en leiers dienooreenkomsdig aan te stel.
- e. Ken take en verantwoordelikhede aan die onderskeie rolspelers toe.
- f. Formuleer 'n gebiedswaardering van die gemeenskap.
- g. Bepaal werkswyse asook procedures van verskillende saakmakende aspekte.
- h. Betrek veiligheidsdepartemente by die gesamentlike beplanningsproses.
- i. Formuleer 'n gemeenskapspatrolleringsprogram ingevolge waarvan die gemeenskap hul eie gebied patroleer.
- j. Identifiseer en beveilig sleutelpunte.

## **REAKSIEVERMOË**

Benewens persoonlike paraatheid word gemeenskapsparaatheid bewerkstellig deur die vermoë om op insidente te reageer, maar veral om 'n gesin wat in nood verkeer, te help te snel. Die grondslag van gemeenskapsreaksievermoë is dat die geïdentifiseerde ringe en wyke verantwoordelik is om inwoners aldaar te beskerm.

- a. Inwoners in ringe en wyke moet mekaar op 'n persoonlike grondslag ken en vertroud wees met die presiese uitleg van elke woning.
- b. Hulpverlening moet met betrekking tot elke woning getoets en ingeoefen word.
- c. Die verskillende metodes waarvolgens huishoudings hulp ontbied moet ook ingeoefen word. (Telefoon, radio, alarms, sirene, paniekknoppie sisteme, sellulêre telefoon, ens.). in gedrukte vorm of op selfoon gestoor.
- d. Radiotoetse Daagliks soggens en saans, om te verseker dat spesifieke inwoners veilig is. Lys met persoonlike inligting van elke gesin, soos Naam, Van. ID nr en alle mediese besonderde, selfs bloedgroep, voertuigbesonderhede en registrasienommer, vuurwapenbesonderhede. Vetrolik gestoor binne die Plaaswag, by meer as een bestuurslid.

## **PARAATMAKING**

Dit is noodsaaklik dat die gemeenskap periodieke opleiding en ontwikkeling sal ondergaan om 'n effektiewe reaksievermoë daar te stel.

- a. Beplan die inoefening van die verskillende noodoptredes.  
Beplan alle ander opleidingsaspekte soos skietkuns, noothulp, brandbestryding: Veld-, plantasie- en infrastruktuurbrande soos wonings. Toerusting ter bekamping moet in plek gestel wees.

## **KOMMUNIKASIE NETWERK**

Gemeenskapsparaatheid is grootliks afhanglik van doeltreffende kommunikasie tydens nood. 'n Doeltreffende radio-netwerk en diagram behoort derhalwe opgestel en elke gesin en huishouing daarby betrek word.

## **BEVEL EN BEHEER**

Die nakoming van die vereiste van gesamentlike beplanning en die bestaan van 'n gemeenskapsbeveiligingstruktur, vergemaklik die daarstelling van beheermaatreëls. Dit is noodsaaklik dat die voorgestelde gemeenskapsbeveiligingskomitee sal toesien dat die toegekende en neergelegde take nougeset uitgevoer sal word. Meer bepaald behoort addisionele beheermaatreëls vasgestel te word sodat gemeenskapsbeveiliging vlot verloop. Beheer word vergemaklik indien prosedures vasgestel word om die verskillende aspekte van gemeenskapsbeveiliging te reguleer.

Die gemeenskapsbeveiligingsplan is een van die belangrikste middele om die gemeenskap by gemeenskapsbeveiliging betrokke te kry. Nadat die beveiligingstruktuur en werksprosedures gevestig is, behoort die belangrike taak aangepak te word om ongunstige veiligheidstoestande te identifiseer en oplossings in gemeenskapsverband te beding. Die resultaat waarna geaspireer moet word is dat die gemeenskap deel moet neem aan die proses om hul eie veiligheid te bewerkstellig. Sodoende kan die gemeenskap toesien dat belangrike rolspelers soos die owerheid hul departementele lynfunksiessnakom. Meer bepaald behoort die bestaan en funksionering van 'n gemeenskapsbeveiligingstruktuur as belangrike afskrikmiddel teen misdaad te dien aangesien onveilige toestande vir misdadigers geskep word. Die sukses van 'n gemeenskapsbeveiligingstruktuur bly egter afhanglik van die mate waartoe die gemeenskap self bereidwillig sal wees om van gemeenskapsbeveiliging 'n sukses te maak. Die betrokkenheid van die gemeenskap is derhalwe 'n voorvereiste vir beveiliging.

## **BEDREIGING**

Dit is belangrik dat die volgende op deurlopende grondslag op fase bepaal en evalueer moet word :

- a. Watter aspekte kan misdaad uitlok (winkel langs 'n hoofpad, groot hoeveelhede kontant, naby plakkarskamp, toeloop van vreemdelinge, ens.).
- b. Waar en hoe kan 'n eiendom aangeval word?
- c. Hoe kan misdadigers te werk gaan om die boer en sy gesin buite en binne die woning aan te val?
- d. Watter aanduidings van beplande misdaad kan misdadigers vrystel indien hulle misdaad op 'n eiendom beplan?
- e. Watter optredes kan die misdadigers in alle waarskynlikheid neem indien hulle 'n woning wil aanval? Wat gaan die maklikste optrede vir die misdadigers wees?

## **WONING EN EIENDOM**

- a. Hoe kan misdadigers die boer en sy gesin in elke beskermingsone soos vooraf bepaal aanval?
- b. Waarlangs kan misdadigers ongeforceerde toegang tot binne-in die woning verkry?
- c. Hoe lank sal dit misdadigers neem om geforceerde toegang tot binne-in die woning te verkry?
- d. Waar kan die gesin deur misdadigers oorval word sonder dat geforceerde of ongeforceerde toegang tot die woning verkry word, dit wil sê hoe kan misdadigers bestaande beveiligingsmiddele omseil?
- e. Waar kan inwoners buite die woning aangeval word? (Hierdie moontlikheid verhoog indien daar nie oor 'n sekerheidsheining beskik nie).

## **BEVEILIGING**

- a. Alle deure, skuifdeure en ander ingange tot die woning behoort met dik staaldeure versterk en versper te word. Voorts behoort 'n staalhek die slaapgedeelte met die res van die woning af te skort. Veiligheidsdeure moet met hoë gehalte veiligheidslotte toegerus en met maasdraad bedek wees.

- b. Alle vensters moet met hoë gehalte diefwering toegerus wees, dit wil sê nie net die gedeelte wat oopgemaak kan word nie, maar die totale venster. Hoe dikker die tralies hoe minder die kans dat misdadigers toegang deur vensters tot die woning kan verkry. Die beste diefwering bestaan uit staaltralies wat met maasdraad bedek is.
- c. Sou 'n misdadiger egter poog om toegang tot die woning te verkry of inderdaad daar in slaag om toegang te verkry, behoort 'n alarmstelsel dienooreenkomsdig te waarsku. Dit is belangrik dat alle toegange tot die woning, benewens diefwering en veiligheidshekke, ook deur elektroniese middele soos 'n alarmstelsel beskerm sal word.
- d. Dit is 'n goeie gewoonte om 'n hondjie binne die woning te hou, aangesien hulle gewoonlik blaaf sodra onraad bemerk word.
- e. Ligte behoort buite om die woning aangebring te word wat die omgewing om die woning verlig. Ligte moet skyn vanaf die woning na buite parameters.
- f. Beplan die sekerheidsheining sodat deurdringing, onderkruiping of oorklim nie moontlik is nie. Oorweeg elektrifisering van die sekerheidsheining.
- g. Installeer 'n sekerheidsbeligtingstelsel wat van binne die woning beheer word.
- h. Koppel die alarmstelsel of elektroniese maatreëls sodat vroeë waarskuwing verskaf kan word in geval 'n poging tot deurdringing plaasvind.
- i. Die sekerheidshek behoort snags verlig en met 'n interkomstelsel na die woning toegerus te wees.
- j. Snags behoort honde binne sowel as buite die woning wag te hou.
- k. Plante, struiken en bosse wat skuiling aan aanvallers kan bied behoort verwyder of sodanig gesnoei te word dat dit oop is en geen skuiling aan aanvallers bied nie.

## BEDREIGINGSBEWUSTHEID

- a. Maak gesin voortdurend bewus van misdaadtendense.
- b. Behandel misdaadaanduidings met gesin.
- c. Oefen gesin in die formulering van die vinnige beskermingsplan.
- d. Laat gesin voorspel oor watter optredes misdadigers in elke situasie kan neem. (Die gesin sal dan op hul hoede wees dat dit nie dalk regtig so is nie).

## **NOODOPTREDES**

- a. Elke noodoptrede moet aangepas word by spesifieke omstandighede, dit wil sê elke noodoptrede behoort beskryf te word met die aanduiding van spesifieke plekke op die eiendom asook die toekenning van spesifieke take aan spesifieke gesinslede.
- b. Noodoptredes moet ingeoefen word sodat elke lid van die gesin vertroud is daarmee. In die beskermingsplan moet gespesifiseer word wie doen wat tydens nood.
- c. 'n Aspek wat deeglik beplan moet word is die verskillende metodes waarvolgens hulp tydens nood ontbied gaan word – bediendes en werkers moet veral opgelei word om hulp by bure te gaan ontbied.
- d. Daar behoort vasgestel te word in welke mate bediendes en werkers by bedreigingsbewustheid en die toepassing van noodoptredes betrek gaan word.

## **BESKERMINGSRING**

- a. Stel eie beskermingsring saam, dit wil sê alle bure wat naasliggend aan 'n spesifieke eiendom is.
- b. Oefen bure in die proses om hulp te verskaf sodat hulle vertroud is met u noodprosedures, huisuitleg en verbindingsmetodes.
- c. Bespreek u noodprosedures met beskermingsring veral ten opsigte van procedures wanneer u u woning verlaat en wanneer u na u woning terugkeer.
- d. Benewens die beskermingsring behoort u betrokkenheid by die groter gemeenskapsbeveiligingsaksie ook gestipuleer te word.

## **ROETINE**

- a. Stipuleer u daaglike roetine veral met betrekking tot plekke en tye.
- b. Bepaal hoe misdadigers u daaglike roetine kan benut om misdadigheid te beplan.
- c. Stel van watter maatreëls u in werking gaan stel ten einde te voorkom dat misdadigers u daaglikse roetine kan benut in die beplanning van misdaad.
- d. Bepaal watter aspekte van u roetine nie aan werkers en bediendes bekend mag wees nie soos byvoorbeeld u vertrektye, aankomstye, tye wanneer iemand alleen tuis gaan wees, tye wanneer niemand tuis gaan wees nie, ens.

- e. Bepaal watter roetine en take u bediendes of werkers behoort te volg. Wat hier veral van belang is, is die optredes van u bediendes of werkers sodra u van elders huis kom. Dit is goeie praktyk dat hulle aan u kom rapporteer oor wat tydens u afwesigheid plaasgevind het.
- f. Stel vas watter beveiligingsaspekte u daagliks behoort te inspekteer.
- g. Stel vas watter aspekte van u daaglikse roetine kan nie verander word nie en bepaal watter maatreëls u gaan tref indien misdadigers u gedurende roetine-aspekte sou aanval.

#### **INTERNE KONTROLE**

- a. 'n Vertroulike dokument met die nommers van alle sleutels en slotte.
- b. Kluiskodes sodat gesinslede toegang tot wapens kan verkry.
- c. Veilige bewaring van alle spaarsleutels.
- d. Lys van noodoptredes en noodtelefoonnummers by radio en telefoon.
- e. Alle sleutels behoort van 'n sleutelhouer voorsien te word, maar die sleutelnommer behoort van sleutels verwijder te word, sodat bediendes dit nie aan misdadigers kan openbaar nie).
- f. Prosedure vir die hantering van kluissleutels.
- g. Lys van persoonlike inligting moet opgestel word en beskikbaar wees. Hetsy harde kopie of op selffoon. Dit sluit oa in – naam, selno, bloedgroep, mediese fonds, naam en besonderhede van huisarts, allergieë, lys van vuurwapens met reeksnummers, voertuie; fabrikaat en registrasienummers. Name en selfoonnummers van ander naasbestaandes en kontakte.

#### **BELIGTING**

- a. Beligting binne woning, dit wil sê watter ligte bly snags aangeskakel.
- b. Beligting om woning.
- c. Sekerheidsbeligting met in begrip van beligting wat aan alarmstelsel gekoppel is.
- d. Prosedures vir die aan- en afskakeling van ligte tydens nood.

#### **BESOEKERS EN BETREDING**

- a. Prosedures wat deur besoekers gevolg moet word (kenningsgewingsbord by ingang tot u perseel). U moet ook spesifiseer watter aspekte op u eiendom verbode is vir besoekers.
- b. Aanmeldingspunt vir besoekers.
- c. Prosedure vir besoekers wat u bediendes of werkers wil besoek.
- d. Prosedure wat deur persone gevolg moet word wat beskik oor reg op betreding van u eiendom.

## PERSOONLIKE BEVEILIGINGSPLAN

- a. **Nastrewing van die doel.** Is u beveiligingsmaatreëls toereikend om u veiligheid te verseker?
- b. **Paraatheid.** Is u en u gesin in staat om aanduidings van misdaad waar te neem? Kan elke gesinslid die noodoptredes toereikend toepas?
- c. **Rondombeskerming.** Kan elke lid van die gesin hom / haarself toereikend teen aanvallers verweer? Word u woning rondom deur genoegsame fisiese beveiligingsmiddelle beskerm.
- d. **Diepte.** Indien misdadigers een beveiligingsmaatreël omseil, is daar nog ander beveiligingsmaatreëls wat die misdadigers kan stuit? Word persoonlike paraatheid en woningbeskerming toegepas?
- e. **Onderlinge Steun.** Word elke beveiligingsmaatreël deur ander beveiligingsmaatreëls ondersteun? Kan elke lid van die gesin noodoptredes toereikend toepas? Voldoen beveiligingsmiddelle aan die vereistes soos wat dit uiteengesit is?
- f. **Selfbeskerming.** Is u beveiligingsplan sodanig dat u self en u woning toereikend kan beskerm? Bestaan voldoende selfbeskermingsmiddelle?
- g. **Integrasie van Poging.** Wend u alle beveiligingsmiddelle aan? Is u by die gemeenskapsbeveiligingspoging betrokke?
- h. **Nakoming van Wetlike Bepalings.** Is u en die gesin vertroud met die regssaspekte rakende vuurwapenhantering? Is u vertroud met ander toepaslike wetgewing?

## OPTREDE IN AANLOOP TOT VERKIESING

Veiligheid- / gebeurlikheidsbeplanning moet in plek gestel word.

Beveilig sleutelpunte, toegangsroetes.

Stig observasiepunte en beveilig.

Gesamentlike Operasionele Sentrum waar alle rolspelers by betrokke moet wees, moet in plek gestel word.

Kommunikasie kanale en toerusting moet in plek wees en getoets word.

Alternatiewe krag moet voor voorsiening gemaak word indien kragonderbrekings sou voorkom of substasies gesaboteer word. Indien so 'n situasie sou ontstaan, sal dit lei tot nie-funksionering van sekuriteitstelsels, selfone en radios. Kyk na kragopwekkers en solar sisteme.

Enige verdagte beweging van persone en voertuie moet gerapporteer word.

Betrokkenheid by misdaadvoorkomingsaksies saam met wetstoepassers.

Maak tydig voorsiening vir ekstra ammunisie, opbou van watervoorraad, kos en brandstof asook batterye en medies, toerusting en relevante. (Vir laasgenoemde sien Aanhangsel "A")

Lugsteun : Reël, waar moontlik, vir hommeltuie, vastevlerk vliegtuie en helikopter vir observasie doeleindes en inligting insameling.

Moontlike afvoer van beseerde na hospitale per vliegtuig/ helikopter.

Regspersoon : Firearms Guardian is gereed om hulp te verleen indien benodig sou word. Besonderhede beskikbaar op TLU SA se webblad asook Pitkos.

#### **OPSOMMING / OPMERKINGS / AANBEVELINGS**

1. Dit is tans 'n realiteit dat landelike veiligheid in die hande van die boer is.
2. Die vestiging van eie veiligheidstrukture binne wetlike riglyne, is 'n realiteit.
3. Eie veiligheid, paraatheid in landelike gebied raak die verantwoordelikheid van die boer.
4. Verseker egter dat verhoudinge met die SAPD nie skipbreuk ly nie. Kanaal moet steeds oop bly.
5. Vestiging van eie veiligheidstrukture moet insluit deeglike opleiding en kundigheid.
6. Boere en veiligheidstrukture moet opgelei word om hulle regte te ken, hulle ondersteuningstelsels te verbeter en regskontakte uit te brei.
7. Eenvormigheid in beplanning en optrede in terme van veiligheidstrukture is van kardinale belang.
8. SAPD Nasionale Landelike Veiligheidstrategie moet as basisdokument gebruik word indien so 'n roete gevolg word.
9. Kommunikasie en skakeling met die SAPD en wetstoepassers moet gereeld plaasvind tov moontlike bedreigings en risiko's.
10. Verifiering van alle inligting van kardinale belang voordat dit geplaas word op sosiale media.
11. Maak seker dat kommunikasie stelsels in plek is en funksioneer.
12. Alle aanduidings is dat die SAPD nie die vermoë gaan hê om die Nasionale Landelike Veiligheidstrategie effektief tot uitvoer te bring nie, weens tekort aan fondse (begrotings), logistieke vermoë, kritiese tekort aan opgeleide en kundige personeel. Dit laat die landbougemeenskap geen ander keuse as om na eie veiligheid om te sien nie!
13. Wees paraat en opletend en rapporteer enige moontlike onstabilitet itv risiko's en bedreigings.